Vrydag **5 Januarie**

**Skrifgedeelte: 2 Samuel 12:1-14**

**Fokusgedeelte: 2 Samuel 12:1a**

**Soms is daar ’n Natan in ons lewe nodig**

Ons ken die geskiedenis van hoe Dawid homself deur Batseba laat verlei het. Uiteindelik het hy nie net met Batseba owerspel gepleeg nie, maar ook moord om sy owerspel toe te smeer! As gevolg van die owerspel het Batseba swanger geword, en na nege maande is daar vir Dawid en Batseba ’n seun gebore.

Dit verbaas mens nogal dat Dawid, die man na God se hart, vir soveel maande op die verkeerde pad was en maar net aangegaan het! Ons lees in vers 1 dat God eers vir Natan na Dawid moes stuur, en dat Natan baie reguit vir Dawid moes kom wys hy is op die verkeerde pad!

Soms kan onsself, soos Dawid, ook op die verkeerde pad wees, sonder dat ons dit self eers agterkom. Ander kere is ons bloot moedswillig. Dan moet God ook medegelowiges stuur om reguit met ons te praat, en om ons te wys dat ons op die verkeerde pad is. God stuur sulke mense oor ons pad uit genade, omdat Hy sy kinders nie maar op die verkeerde pad wil los nie. Ons Goeie Herder soek afgedwaalde skape op, want Hy gee net te veel vir ons om!

Het jy al so ’n Natan gehad wat na jou gestuur is? Hoe het jy toe gereageer? Het jy besef dat dit God is wat jou in genade kom opsoek? Kinders van die Here vererg hulle nie vir die Natan’s wat na hulle gestuur word nie, en hulle verlaat ook nie die kerk daaroor nie. Nee, kinders van die Here kom met harte vol berou tot bekering! En wanneer mens reggehelp word, en met ’n hart vol berou jou sondes bely, dan is daar altyd vergifnis (vs 13; 1 Joh. 1:9). Jesus se werk deur sy kruis en opstanding maak vergifnis moontlik!

*Sing: Psalm 32-1:1*

*Ds. LM (Marcel) Floor (Sasolburg)*